

20 Februarie

Psalm 8, (Teks: 8:5 en 6)

Meer as die engele

In die Ou Afrikaanse vertaling was die opskrif bokant Psalm 8 die vraag: "Wat is die mens?" - 'n vraag wat nogal in 'n mens se gedagtes opkom as jy jousef vergelyk met die grootsheid van God se skepping. So het Dawid ook een aand onder die sterrehemel gestaan en opgekyk en die grootsheid van God se skepping gesien. Het u dit al gedoen - om so onder die sterrehemel te staan en op te kyk en jou te verwonder oor die grootsheid en die wydheid van God se skepping? Dan dink 'n mens baie keer: "Wat is die mens? Die mens is niks, die mens is nietig, die mens is maar 'n stoffie in God se oë..."

Maar weet u, dit was nie Dawid se konklusie nie. Trouens, Dawid se vraag was nie eers die vraag: "Wat is die mens?" nie. Dawid se vraag was: "Wat is die mens dat U aan hom dink?" Dawid het verby die maan en die sterre gekyk en agter dit alles God raakgesien wat aan ons dink - God vir wie ons nie maar bloot nietige stoffies is nie, nee, 'n God wat ons aangestel het as heersers oor sy skepping! Dawid jubel dit uit: "God het die mens "skaars minder" as 'n hemelse wese gemaak..."

Natuurlik het die sonde ons nietigheid en gebrokenheid kom onderstreep, maar ook hiervoor het die Here 'n plan gehad - die kruisverdienste van sy Seun Jesus Christus! - 'n genade so geweldig dat ons nou nie meer "skaars minder" as die engele is nie, maar meer as die engele: Hebreërs 1:14 beskryf die engele as geeste in diens van God, bediendes in God se huishouding.

Maar ons is nou kinders!

Sing: Psalm 8

Ds. H.J. Vermeulen (Bloempark)